



18 APRIL 2021

TORINGKERK

nuus



KOM TUIS

IS JY NUUT IN DIE GEMEENTE?


BAIE WELKOM!

As jy vir die eerste keer by ons kuier:
BAIE WELKOM!

Ons is 'n klein liefdes-familie-gemeenskap. Kry asb 'n lidmaatskapvorm, kerk kalender en stel jouself voor aan een van die erediens leiers. Ons wil graag kontak maak. Baie welkom by ons!



PROGRAM VAN DIE WEEK



SONDAG: 18/04

09:30 Erediens - Herfstelike Lydenstyd
(Week 6)

10:30 KruisConnect (Kerktuin)

DINSDAG: 20/04

08:00 Spanvergadering

19:00 GIM Kalahari Visser -
Tieneraand (Kerk)

19:00 Belydenis 2021 (HTP)

WOENSDAG: 21/04

06:00 Kinder Padkos (Stemboodskap)

06:00 Tiener Padkos (Stemboodskap)

18:00 Erediensbeplanning (Konsistorie)

18:30 Musiekspan oefening (Kerk)

18:30 Geen Gemeente Zoom

DONDERDAG: 22/04 - Aardedag

18:45 Labori Bybelstudie (HTP)

VRYDAG: 23/04 - Skole sluit


06:00 Mannegroep (Konsistorie)

SONDAG: 25/04

09:30 Erediens

10:30 Geen KruisConnect

ONS EREDIENSTE IS OOK "LIVE"!



Ons eredienste word ook 'lewendig' uitgesaai vanuit die kerkgebou.

Jy sal reeds voor 9:30 'n skakel van die diens ontvang op Whatsapp vanaf die Toringkerk Selfoon. Die erediens sal eers 9:30 begin, aangesien dit lewendig uitgesaai word.

Kontak vir Jana indien jy nie die inligting van die Toringkerk Selfoon ontvang nie.



SCAN BY DIE DEURE!

Ons verwelkom 'n nuwe manier van inteken op Sondae by eredienste. Download die app, BioCerticald op jou slimfoon. Gaan in by die app, scan die kode en tik een keer jou naam en van ens in. As jy 'n volgende keer weer kom, hoef jy net die kode te scan en jou temperatuur in te vul. As jy Sondae opdaag, scan die kode met jou slimfoon en tik slegs jou koors meting in en saniteer jou hande. Geen meer papiere en penne nie. Hierdie kode sal by elkeen van die 3 deure beskikbaar wees.

Indien jy nie hierdie manier verwelkom nie, daar sal penne en papiere steeds beskikbaar wees vir inteken. Baie welkom!

AARDEDAG 2021

Aardedag is 'n beweging wat al vir meer as 50 jaar bestaan; die eerste Aardedag is al in 1970 gevier. Aardedag se missie is om diversiteit, opvoeding en 'n wêreldwye omgewingsbeweging te aktiveer. Tans is dit die grootste omgewingsbeweging wat met meer as 75,000 vennote saamwerk in meer as 190 lande om aksies te dryf wat 'n positiewe impak op ons planeet het. Elkeen speel 'n rol in die omgewingskrisis. Daarom is dit belangrik vir ons as geloofsgemeenskappe om 'n positiewe rol te speel in die opleiding en bewusmaking daarvan vir ons naaste. As Christene sluit ons naaste egter ook meer in as net ons menslike bure. God verklaar in Genesis die hele skepping as goed. Boonop gee die Here ons die opdrag om verantwoordelik op te tree en nie ons mag te misbruik as mense nie. Tog sou ons onself kon afvra of ons werklik leef asof die Aarde goed is.





MOTHER IN LAW
TONGUE

AARDE DAG

22 | 04 | 2021



HEART LEAF
PHILODENDRON



DELICIOUS
MONSTER

SKUIF OOR TUINPLANTE, HUISPLANTE IS WEER IN!

Daar is 'n groot nuwe opgewondenheid oor huisplante! Daar is verskeie navorsing gedoen oor die voordele van huisplante:

- + Verlig spanning
- + Verhoog kreatiwiteit
- + Verhoog produktiwiteit en fokus
- + Beter luggehalte binne huis

Dit is ook natuurlik 'n wonderlike geleentheid om 'n sin vir verantwoordelikheid aan te leer (dit kan 'n goeie leerskool wees vir jong kinders, veral as hulle aanhou vra vir 'n hondjie/katjie - hierdie is 'n goeie oefenlopie!)

STAP 1: BESOEK 'N KWEKERY

Beplan 'n daguistappie en besoek jou naaste (of vërste) kwekery. Gee jouself genoeg tyd, daar is gewoonlik baie om vanuit te kies.

Maak ook seker jy vra die regte vrae. Die geheim is dat jy wil begin by 'n maklike plant, wat moeilik doodgaan (jy moet eers jou selfvertroue opbou, om vir jouself te bewys dat jy wel jou plant aan die lewe kan hou). Beplan vooraf waar jy jou plant in jou huis wil sit. Let op hoeveel lig die plant sou kry en koop jou plant daarvolgens.

Daar is ook verskeie kwekerye wat jy vooraf aanlyn kan "shop".

Goeie voorstelle:

www.plantify.co.za | www.atriumplants.co.za | www.folhashop.com



RUBBER PLANT



PRAYER PLANT

STAP 2: LAAI DIE 'APP' AF

Daar is verskeie "apps" wat jy verniet kan aflaai, wat vir jou "notifications" op jou foon kan stuur, om jou te herinner om jou plante op die regte tye water en voedingsstowwe te gee.

Goeie "apps" op af te laai:

- + Plantiary
- + Plantsome
- + Vera



STAP 3: VERSORG

Indien jy nie kans sien om die kwekery aan te durf nie, is daar ook baie plante wat vanuit steggies kan wortels skiet. Vra dan een van jou vriende om 'n steggie van jou keuse vir jou te gee.

Gee dan water of voedingstowwe soos wat vereis word (Google is jou vriend/vriendin).

Maak seker jy doen navorsing of vra die volgende vrae by die kwekery oor jou nuwe plant-baba:

- + Hoeveel water en hoe gereeld?
- + Hoe baie lig moet die plant kry?
- + Hoe gereeld moet die plant voedingstowwe kry?
- + Hoe groot moet die pot wees waarin jy dit plant?
- + Moet jy later die plant oorplant in 'n groter pot of nie?



FIDDLE LEAF FIG



CHINESE MONEY PLANT

STAP 4: KYK HOE JOU PLANT-BABA GROEI!

Hierdie is die lekker deel.

Jy sal verbaas wees oor die kinderlike opgewondenheid wat in jou hart borrel, wanneer daar 'n nuwe blaar uitkom en oopmaak.

Dit is ook onmoontlik om nie God se hand in die groei-proses raak te sien nie. God as Skepper is skielik baie tasbaar in jou eie huis!



ONTHOU JOU MASKER!

Ons nooi jou nederig om maskers tydens die eredienste te dra. Ons almal reageer fisies en emosioneel verskillend op die virus. Miskien het jy die virus opgedoen, ken iemand geaffekteer of wat self gesterf het. Ons wil graag 'n goeie reputasie van wetsgehoorsaamheid nakom omdat ons veral onder die vergroot glas geplaas word as kerk van Christus. Indien jy jou masker vergeet, verkoop ons maskers in die voorportaal teen R15, jy kan later met die kantoor reg maak. Dankie dat jy verstaan en positief is in die verband.




GEBEDSVERSOEKE

Ons bid vir Chris, Louise, Ayanke en Christiaan. Ayanke, 12 jaar oud, het positief getoets vir lymphoma kanker en ontvang binnekort behandeling. Ons dra vir hierdie wonderlike gesin aan die Here op in hierdie reis. Ons bid Ps 23 oor julle toe en nooi ook elke lidmaat om tydens jou stiltetyd vir hierdie gesin te bid.

Vir enige gebedsversoeke, kontak vir Ryno.

13 PIEKE UITDAGING!

Op 21 Mei 2021 hardloop Toringkerk se draf legende die 13 Pieke uitdaging op Tafelberg. Conrad Muller sal 6000 m hoog klim oor 'n 100 km afstand. Conrad daag jou uit om 'n kospakkie vir die Diep en Vêr projek te borg sou hy die uitdaging suksesvol slaag. Een kospakkie kos R250 en help Toringkerk om plaaslik 'n verskil in die gemeenskap te maak. Gaan loer gerus na die webtuiste: <https://13peaks.co.za/> Paarlberg het ongeveer 'n hoogte van 450m, Conrad beplan om 6000m te doen! Motiveer Conrad deur 'n kospakkie te borg!





#imagine

LOCAL 

#IMAGINE IS 'N JEUGBEWEGING WAT VIR DIE AFGELOPE PAAR JAAR PLAASGEVIND HET IN BREDASDORP. DIT IS 'N GROOT GELEENTHEID OP ELKE JONGMENS SE KALENDER! HIERDIE JAAR IS ONS DIE GESKENK GEDEE OM 'N SPLINTERNUWE UITKYK OP HIERDIE JEUGBEWEGING TE KON HÊ: #IMAGINE - DRAKENSTREIN EDITION



WAT 'N ABSOLUTE WONDERLIKE DAG, WAAR ONS KON HANDE VAT MET VERSKEIE KERKE, ORGANISASIES EN BESONDERSE MENSE VAN DIE PAARL-WELLINGTON AREA. DANKIE JESUS VIR ELKE JONGMENS WAT MET VERBEELDINGSKRAG DIENSBAAR U KONINGKRYK KAN LEEF! LOCAL IS LEKKER!



Ons vat hande met die organisasie "Network for Christ" hier in die Paarl. Ons is dankbaar vir organisasies soos hierdie wat nie net die nood van ons mede-mens raaksien nie, maar wat ook verder betrokke is in hierdie mense se lewens, ten opsigte van bemagtiging en verdere ondersteuning.

DIEP & VER



Ons word geseën, om weer ander te kan seën.

RAAK BETROKKE:

- Borg 'n kospakkie vir R250.
- Bid vir hierdie beweging.
- Raak betrokke deur kospakkies op 'n maandelikse basis te pak.

Kontak vir Janneke vir meer inligting.

GEBEURE OM NA UIT TE SIEN



Dagboek

DIE DATUM



3
MEI

SKOLE HEROPEN

Kwartaal 2



9
MEI

POPPEKASDIENS
+ MOEDERSDAG

Gesinserediens | 09:30



13
MEI

HEMELVAART

Erediens | 19:00



16
MEI

PINKSTER

16 - 23 Mei

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inliging.

BID . SIEN . DEEL

LAPTOP

Het jy dalk 'n werkende laptop wat nog in 'n goeie toestand is?

Daar is iemand wat hierdie laptop graag sou wou gebruik.

Kontak gerus vir Ryno, indien jy meer inligting benodig.



HAM - WINTER SKOENDOOS-PROJEK

Daar is tans 12 dogters en 1 huismoeder vir wie ons graag skoendose wil opmaak en aflewer - betyds vir Huis Andrew Murray se Winter Wit Kersfees Partytjie!

Ons benodig nog 11 gemeentelede om skoendose te pak.

Indien jy graag 'n boks wil pak vir een van hierdie dogters, kontak gerus vir Janneke.

VEELS GELUK!

18/04 Neil Galvin	21/04 Vivian Vorster
19/04 Johan Teichmann	22/04 Emma Du Toit
19/04 Pieter Zwanepoel	22/04 Kowa Rabe
20/04 Stefan Botha	23/04 Tristan Goslett
20/04 Nickle Koch	23/04 Pierre Loubser
20/04 Willie Mans	23/04 Cilliers Sandenbergh
20/04 Lukas Pretorius	24/04 Annemarie Grobbelaar
21/04 Sofie Meunier	24/04 Reinette Immelman
	24/04 Peter-Ben Pagel



GEMEENTE-TUIN-ETE!

Voor die winter ons ten volle tref, wil ons graag 'n lekker gemeente ete-in-die-kerktuin hou!

Sondag, 9 Mei, 17h00

Hou solank hierdie datum en tyd in jou dagboek oop. Kinders is baie welkom!

Bespreek solank jou plek by die kantoor.



"KINDERLIK" OPGEWONDE!

Ons is opgewonde dat ons Kinderkleingroepe weer 16 Mei sal oopmaak in die kerksaal!

Hou die afkondigings dop vir verdere inligting hieroor.

Kontak gerus vir Janneke indien jy sou kon uithelp om 'n kleingroepleier vir een van die groepies te wees.

ONS ORREL RUS!

Ons orrel is tans besig om bietjie te rus, weens verskeie redes.

Ons sien ook uit om weer binnekort die mooie klanke van die orrel in ons kerkgebou te hoor speel!



GESONDE GEDAGTES

DEUR JACO STRYDOM



ONS WOON IN AFRIKA – WEET ONS DIT?

(UITTREKSEL UIT “CONFESSIONS OOR KERKWEES”)

Onlangs hoor ek vir die soveelste keer weer hoe iemand sê hulle gaan die vakansie 'n bietjie “Afrika” toe. Daarmee bedoel hulle Mozambiek, Zambië of Botswana. Suid-Afrika is nie “Afrika” nie. Nie in hulle oë nie. Namibië dikwels ook nie. 'n Mens kry die idee dat Suid-Afrika, in baie Afrikaners se oë, eintlik effens los van Afrika is, 'n tipe Europese tuisland.

“Die strate is al weer pikswart vanoggend,” het ek dikwels my pa, oupa of ooms hoor sê as hulle van die dorp af kom. Later het ek baie hieroor gewonder. Waarom is ons verbaas as 'n dorp in Afrika swart is? 99% van die mense in Afrika is tog swart. Sê die mense in Europa ooit: “Sjoe! Die dorp is darem baie wit vandag”?

Besef ons dat ons in Afrika woon? Nou die dag hoor ek 'n boer vir sy plaaswerker sê: “As daar minder van julle was, het ek nou in 'n paradys gebly.” Kan 'n mens werklik betekenisvol leef op 'n kontinent as jy lief is vir die grond, maar nie die mense nie? Dit moet verskriklik wees om jou lewe lank in Suid-Afrika te woon as jy die diversiteit van kulture as 'n bedreiging sien.

Ek glo eenvoudig nie mense wat sê die teendeel is nie moontlik nie, want ek is self al jare deel van 'n gemeenskap waar mense van verskillende kulture saamwoon – Zoeloes, Xhosas, Afrikaners, Indi. Ons ervaar die diversiteit in ons gemeenskap as 'n seën en nie as 'n vloek nie. Waarom voel ons mense altyd dat hulle hulle eie kultuur verrai as daar gepraat word oor die feit dat ons ook vir mense van ander kultuurgroepe lief moet wees? Natuurlik mag jy lief wees vir jou taal en jou mense! Maar as jy in Afrika woon, kan dit baie help as jy ook lief raak vir die mense wat hier woon wat deel is van ander kulture- die ander 99%. Jy sien, rassisme werk so: Dis net lekker as jy aan die uitdeelnant daarvan is. As jy aan die ontvangkant is, is dit “ongeregtigheid”.

Ek sê nie ons moet rassiste haat nie. (Wees lief vir hulle, hulle kan doen met al die liefde wat hulle kan kry). Ons moet rassisme haat. Die probleem is nie dat mense ontsteld is oor bv. Plaasmoorde en korrupsie nie. Daar is fout met jou as dit jou nie ontstel nie. Dit is wel 'n probleem wanneer jy jou ontsteltenis nie op die betrokke misdadigers of politici projekteer nie, maar nou ook sommer op 'n hele kultuurgroep in die land. Rassisme is 'n ekstreme vorm van hoogmoed, en hoogmoed is altyd 'n bose ding. Niks goeds kan uit die groeiende rassehaat in ons land kom nie.

“Beteken dit dan nou dat ek vir almal moet omgee en lief wees?” vra 'n kerktannie vir my.

“Nee, net vir dié wat deur GOD gemaak is en vir wie Jesus gesterf het,” sê ek vir haar.

'n Mens woon altyd lekkerder op 'n plek as jy lief is en respekteer het vir die mense wat saam met jou daar woon. Afrika is oorweldigend swart, en dit sal altyd so wees. Suid-Afrika is 'n bietjie meer bont. Geseënd is die vredemakers. Mag liefde wen.



18 APRIL 2021

TORINGKERK

nuus



TORINGKERK ZAPPER



BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176



MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

JEUG/MAATSKAPLIK

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@fhbc.co.za